Osteospermum sinuatum

Volksnaam: Karoobietou, skaapbos

Familie: Asteraceae

Habitat: Wydverspreid deur die karoo in laaglande met ‘n fyn grond tekstuur. Hanteer brak (alkaliese en brak) grond.



Map based on PRECIS data from http://sibis.sanbi.org/

Plant beskrywing: Breëblaar bossie 30-50 cm hoog, bladwisselend gedurende strawwe droogtes.daar is twee variëteite, *T. sinuata linearis* het dunner, taaier of harige blare as *T. sinuata sinuata*. Blom na elke goeie reën (2-4 keer per jaar). Groei vinnig en bereik volwassenheid in die eerste jaar as daar geen kompeterende plante teenwoordig is nie.

Smaaklikheid: ★★★★ Hoogs smaaklik vir wild en vee.

Saad beskrywing: Die vruggies is vaalbruin met deursigtige “vlerkies”. Elke vruggie bevat ‘n enkele saadjie in‘n harde doppie. Sade het geen onaktiewe tydperk nie en 95% is lewensvatbaar.

Lewensvatbare saad per kg: 62,200

Waneer en hoe om te plant: Saai enige tyd van die jaar en sade ontkiem binne 7 dae na reën of besproeiing. Voorgestelde saai-digtheid is 6 kg/ha. Saai in vore in ou lande, 1 cm diep. In natuurlike veld moet die saad in gate gesaai word wat met die hand of met ‘n hap-ploeg gegrawe is. Bedek die saad met doringtakke om die saailinge teen beweiding te beskerm. Dit is belangrik om water terug te hou en erosie te verhoed, so ploegwerk moet saam met die kontoere gedoen word, en nie teen die helling af nie.

Indien die veld gedomineer word deur onsmaaklike of giftige plante, moet hulle uitgedun word. Let wel: MOET NIE ALLE PLANTE VERWYDER NIE.

Skaal: 1cm

Skaal: 1 decimeter

Verwysings

PRECIS data van suider Afrika se plant verspreidings en taksonomie. http://sibis.sanbi.org/faces/SearchSpecies/

Renu-Karoo ongepubliseerde data

Van Breda, P. A. B., and Barnard, S. A., 1991. Veld plants of the winter rainfall region. Department of Agricultural Development. Pretoria.